HOËRSKOOL VREDENDAL

JAARVERSLAG

2017

JAARVERSLAG 2017

ALGEMEEN

Hoërskool Vredendal se leerders het vanjaar weereens uitsonderlike prestasies bereik. Die skool se prestasies word nie net op plaaslike vlak gemeet nie, maar wel op nasionale en internasionale vlak. Hoewel ons rede het om te spog, bly ons steeds nederig en wil ons ook ons Hemelse Vader bedank vir die mildelike seëninge wat Hy oor ons as skool en leerders uitstort.

Prestasies:

Wat die akademie betref, is Hoërskool Vredendal vanjaar weereens deur Die Burger as een van die Top 20 Wiskunde-skole in die Wes-Kaap aangewys.

Die graad 12's van 2016 het uitstekend in hulle eindeksamen presteer en nege leerders het 'n A-gemiddeld behaal. Dansstudies, Fisiese Wetenskappe en Tegnologie Siviel se gemiddeld was die beste in die Weskusstreek. Dansstudies het ook die sesde plek in die Wes-Kaap behaal en Támari Theron het die derde beste punt vir Dansstudies in die Wes-Kaap behaal.

Op kultuurgebied het ons leerders uitstekend gevaar by die onderskeie eisteddfods deur verskeie dubbelgoue en goue toekennings in te palm.

Op musiekgebied het verskeie leerders ook puik uitslae verwerf en 'n hele paar van ons leerders is op Unisa se ererol geplaas.

Op sportgebied het verskeie van ons leerders provinsiale spanne in atletiek, krieket, tennis, netbal en rugby gehaal.

Van ons leerders het ook provinsiale sowel as nasionale spanne in sportsoorte wat nie deur die skool aangebied word nie, maar wel erken word, verteenwoordig.

Ons hoofseun en hoofdogter van 2016, Gideon van Zyl en Tayla von Wielligh, was besonderse leiers en saam met die VRL het hulle 'n goeie voorbeeld vir 2017 se leiers gestel.

Personeel

Ek wil eerstens elke personeellid verbonde aan Hoërskool Vredendal, doserend en nie-doserend, bedank vir hulle harde werk deur die jaar. Elkeen is 'n spesialis op sy/haar gebied en saam vorm hulle 'n gedugte span wat altyd bereid is om daardie ekstra myl te loop om te verseker dat Hoërskool Vredendal 'n suksesvolle skool is.

Dit is met groot hartseer dat ons mnr. Wessels (Tokkie) vanjaar aan die dood moes afstaan. Hy het sy lewe vir 39 en 'n half jaar aan Hoërskool Vredendal gewy en ons sal hom ewig in ons gedagtes vereer.

Mnr. Burner het op kort kennis ons in mnr Wessels se plek uitgehelp, maar verlaat ons weer aan die einde van die jaar. Ons wil hom ook bedank en alle sterkte toewens met sy onderwysloopbaan.

Ds Leendert Wijnja wat die afgelope twee jaar as jeugwerker by ons was se kontrak het verstryk en hy verlaat ons ook die einde van die jaar. Ons wil hom ook opreg bedank vir dit wat hy vir ons kinders beteken het en hom alle voorspoed in die bediening waar hy homself gaan vestig, toewens. Mag die Here se lig altyd helder vir jou skyn.

	Vak	**Grade**
Skoolhoof		
Mnr JJM Swanepoel	Ingenieursgrafieka en Ontwerp	Gr. 12
Adjunkhoof		
Mnr V H van Zyl	Fisiese Wetenskappe	Gr. 10 - 12
Departementshoofde		
Mnr S F Loubser	Afrikaans	Gr. 11, 12
Mnr J van Wyk	Rekeningkunde	Gr. 10 – 12
Onderwysers		
Me E Barnard	Wiskunde Geletterdheid	Gr. 9 - 12
	Wiskunde	Gr. 10
Me A H Muller	EBW	Gr. 8, 9
	Besigheidstudies	Gr. 10 – 12
	Lewensoriëntering	Gr. 8
Me K de Villiers	Wiskunde	Gr. 8 - 10
	Wiskundige Geletterdheid	Gr. 11 - 12
Me M de Villiers	Musiek	Gr. 10 – 12
	Skeppende Kunste	Gr. 8, 9
Me S Swanepoel	Wiskunde	Gr. 8 - 10
	Wiskundige Geletterdheid	Gr. 11 - 12

Me G Visagie	Wiskunde	Gr. 8 - 12
	Wiskundige Geletterdheid	Gr. 10
Me R Theron	Dansstudies	Gr. 10 – 12
	Skeppende Kunste	Gr. 8, 9
Mnr C P le Roux	Lewenswetenskappe	Gr. 10 - 12
Me W van Vuuren	Natuurwetenskappe	Gr. 9
	Lewenswetenskappe	Gr. 10 – 12
	Lewensoriëntering	Gr. 8
Mnr J Coetzee	Geskiedenis	Gr. 8 – 12
	Lewensoriëntering	Gr. 9
Me S Schultz	Verbruikerstudies	Gr. 10 – 12
	Natuurwetenskappe	Gr. 8
Me R Wessels	Geografie	Gr. 8, 9
	Lewensoriëntering	Gr. 10 - 12
Mnr J Burner	Tegnologie	Gr. 8, 9
	Ingenieursgrafika en Ontwerp	Gr. 10
Me A Cloete	Engels	Gr. 9 - 11
Me R Rosslee	Engels	Gr. 11, 12
Me C du Toit	Afrikaans	Gr. 9, 10
Me M Tamponi	Afrikaans	Gr. 8, 9, 11
	Engels	Gr. 9
Me A Nieman	Skeppende Kunste	Gr. 8, 9
	RTT	Gr. 10 – 12
	Lewensoriëntering	Gr. 8, 9
Mnr G Prigge	Lewensoriëntering	Gr. 9
	Engels	Gr. 8

Adminstratiewe personeel

Me T Wessels
Me D Saayman

Terrein- en koshuispersoneel

Mnr G du Preez
Me N Charles

Mnr C Beukes
Mnr G Dirkse
Me D Lewis
Me G de Klerk
Me A Cloete
Me J Owies
Mnr R Fredericks

Skoolbeheerliggaam

Ons wil die beheerliggaamslede bedank vir die onbaatsugtige diens wat hulle deur die jaar gelewer het. Deel van hulle visie was die aanbouing van kleedkamers by die Sportsentrum. Hierdie droom het op 9 November gerealiseer toe die kleedkamer tydens die Borgefunksie amptelik geopen is.

Die beheerliggaam van Hoërskool Vredendal het ook grootliks bygedrae tot die skool se visie deur "ou waardes" te laat voortleef om te help om ons kinders goed voor te berei op die toekoms sodat hulle 'n aanwins vir die gemeenskap sal wees waar hulle hulself eendag mag vestig.

Die beheerliggaam is as volg saamgestel:

Voorsitter	:	Me Alta du Toit
Onder-voorsitter	:	Dr Pierre de Klerk
Sekretaris	:	Ds Jan Fourie
Tesourier	:	Me P Muller
Koshuiskomitee	:	Dr Pierre de Klerk
Terrein	:	Mnr Gideon van Zyl
Bemarking	:	Mnr Jaco Steenkamp
Sport en Kultuur	:	Dr Johan Geldenhuys
FEDSAS	:	Mnr Pieter de Lange
Skoolhoof	:	Mnr Jaco Swanepoel
Opvoedersverteenwoordigers	:	Mnr Rico le Roux
		Me Pikkie Muller
Nie-Opvoedersverteenwoordiger	:	Me Geria de Klerk
Leerderverteenwoordigers	:	Carolien Conradie
		Loraine Louw
		Dewaldt Snyman

Oudervereniging

Ons wil graag elke ouer betrokke by die oudervereniging bedank vir dit wat hulle vir ons deur die jaar gedoen het. Hierdie is die groep ouers wat sekerlik die hardste werk en die minste dank ontvang. Ons wil u verseker dat dit wat u hier by Hoërskool Vredendal verrig, nie ongesiens verbygaan nie en ons waardeer elke poging waarby u

betrokke was. Sonder u insette sou die meeste van ons funksies nie so glad kon verloop nie. Baie dankie aan elkeen van u.

Finansies

Die begroting vir 2018 beloop R 5 254 815.00 wat beteken dat die skoolgeld met 8.5% verhoog is.
Hoewel die wet bepaal dat elke kind die reg het om onderrig te ontvang en ook dat onderrig sogenaamd gratis is, is die realiteit dat ons slegs R 99 975.00 van die WKOD ontvang. Dit is net 1.9% van die begroting.

Ouers word dus ernstig versoek om hulle skoolgeld te betaal aangesien ons afhanklik is van die inkomste sodat die standaard van onderrig by die skool gehandhaaf kan word. Ons sal verplig wees om verdere stappe te neem teen **alle** ouers wat versuim om hul skoolgeld te betaal.

Die skoolgeld vir 2018 sal R11 420.00 per leerder per jaar beloop. Elke leerder moet ook aan die begin van die jaar R280.00 (wat deel uitmaak van die R11 420) betaal. Die geld word uitsluitlik vir skryfpapier en fotostate aangewend.

Ouers wat voor 28 Februarie alle skoolgeld vooruit betaal, sal R 500.00 afslag ontvang en ouers wat voor die einde van die eerste kwartaal alle skoolgeld betaal, sal R270.00 afslag ontvang.

Die koshuisgeld vir 2018 sal R18 203.00 per leerder per jaar beloop, R 4 551.00 per kwartaal en R 1 821.00 per maand. Die koshuisgeld moet kwartaalliks vooruit betaal word.

Skoolkwartale 2018

KWARTAAL	BEGIN	EINDIG
1	17 Januarie	28 Maart
2	10 April	22 Junie
3	17 Julie	28 September
4	9 Oktober	12 Desember

VERSLAE

DETENSIE

Op 'n vergadering wat deur die personeel en die VRL bygewoon is, is besluit om die detensie van dié jaar af 2 ure op 'n Vrydagmiddag na skool te maak. Dit is 'n poging om ook die dissipline en gedrag van sommige leerders te verbeter. Ons doen dan ook 'n beroep op die ouers om u kinders te motiveer om te let op hulle gedrag asook die stiptelikheid wat betref die doen van hulle huiswerk.

Waar 'n leerder op detensie geplaas word, sal die leerder nie verskoon word nie, ongeag redes en versoeke van ouers.

Indien 'n leerder nie vir detensie opdaag nie, sal hy/sy voor die Beheerliggaam gedaag word.

Die rede vir die drastiese optrede is om kwaliteit onderrig in die skool as geheel te verbeter.

KOSHUISBEDRYWIGHEDE

Aan die begin van elke jaar het die koshuisleerders 'n inbly naweek wat deur die prefekte gereël word. Die doel van die naweek is nie net om die nuwe leerders te laat inskakel nie, maar ook tuis te laat voel as deel van die koshuisfamilie.

Die naweek is gekenmerk deur groot pret, van waterkaskenades tot strawwe kompetisie. En wat sal so 'n naweek nou wees sonder die gebruiklike waatlemoenfees; tot mnr Swanepoel het deurgeloop....

AKADEMIE

Sekere vakke soos Rekenaartoepassingstegnologie, Ingenieurs Grafika en Ontwerp en Verbruikerstudies se leerdertalle word beperk as gevolg van die hoeveelheid toerusting beskikbaar.

Wanneeer daar te veel leerders so 'n vak wil neem (soos in die geval van die graad 10-Rekenaar-toepassingstegnologie vanjaar) word die leerders volgens hulle gemiddelde prestasie van die vorige jaar gekeur.

AKADEMIE

Baie geluk aan al die leerders wat goed presteer het tydens die Junie-eksamen. Die name van die leerders wat bo 80% gekry het, is as volg:

Graad 8

Kara Tubb	-	85,7%
Melani Fourie	-	85%
Lizette le Roux	-	84,8%
Hahneli Mulder	-	84,1%
Handré Truter	-	83,9%
Inka Links	-	82,8%
Anke Adriaanse	-	80%

Graad 9

Carla Kotzé	-	89,4%
Emma Rupping	-	86,8%
Cerica Voigt	-	86,4%

Ancois Huysamen	-	85,8%
Marizelle Elliot	-	85,7%
Jeanette Mouton	-	85,7%
Carla Goosen	-	83,4%
Lisa Mari Botha	-	82,6%
Janelle Pieters	-	81,4%
Megan Fermor	-	80,6%
Carli Coetzee	-	80,4%
Heinrich von Wielligh	-	80,4%
Savannah Bornman	-	80.3%
Anja Nel	-	80,2%

Graad 10

Mia van Zyl	-	90,1%
Johan Koegelenberg	-	86,1%
Judi Botha	-	84,8%
Patroné Joseph	-	83,7%
Michiel Coetzee	-	82,8%
Henk Fourie	-	82,1%
Chanté Klaase	-	82,1%
Gené Nero	-	80,2%

Graad 11

Loraine Louw	-	89,5%
Anelle Links	-	89,2%
Tiaan Cronjé	-	87,1%
Emoré Vosloo	-	85,4%
Liam Bradshaw	-	81,7%
Carolien Conradie	-	81,5%
Dewaldt Snyman	-	81,2%
Bianca van Eck	-	81,1%
Ricus van Vuuren	-	81,1%

Graad 12

Anschené Verwey	-	88,2%
Amalia Geldenhuys	-	87,8%
Melanie van Driel	-	84%
Lana Meiring	-	83,4%
Lana Anderson	-	83,4%
Elzhan Walters	-	82,5%
Inke Cloete	-	82,0%
Deniell van den Heever	-	82,0%
Kiara Bester	-	80,5%

Van Zyl Ané	-	80,2%

Baie geluk aan al die leerders wat goed presteer het gedurende die September-eksamen. Die name van die leerders wat bo 80% gekry het, is as volg:

Graad 8

Kara Tubb	-	90,3%
Melani Fourie	-	88,6%
Hahneli Mulder	-	87,3%
Handré Truter	-	85%
Elricke de Lange	-	84,6%
Lizette le Roux	-	84,3%
Inka Links	-	84%
Anisha van Wyk	-	83,8%
Tinus Visagie	-	82,8%
Berné Boshoff	-	80,9%
Cara-Jan Philander	-	80,9%

Graad 9

Carla Kotze	-	90,6%
Cerica Voigt	-	89,7%
Marizelle Elliot	-	89,2%
Lisa Mari Botha	-	88,8%
Jeanette Mouton	-	88,8%
Ancois Huysamen	-	88%
Emma Rupping	-	87,6%
Carla Goosen	-	87,2%
Mine Steenkamp	-	85,8
Karla Gaugler	-	85,7%
Marelize Bradshaw	-	85,2%
Savannah Bornman	-	84,8%
Anja Nel	-	84,7%
Marthinus Evert	-	84,4%
Megan Fermor	-	83,7%
Heinrich von Wielligh	-	83,4%
Carli Coetzee	-	83,3%
Johannes van der Westhuizen	-	82,4%
Janelle Pieters	-	82,1%
Zeree Kershoff	-	82%
Lize Lubbe	-	81,7%
Larissa Jansen van Vuuren	-	81,4%

Graad 10

Mia van Zyl	-	92,7%
Judi Botha	-	88,2%
Henk Fourie	-	86,5%
Magdel Nel	-	86,4%
Patroné Joseph	-	85,8%
Chanté Klaase	-	84,8%
Kara Engelbrecht	-	84,4%
Michiel Coetzee	-	84,2%
Johan Koegelenberg	-	83,7%
Gené Nero	-	82,1%
Carina van Driel	-	81,4%
Carl Louw	-	81,1%

Graad 11

Anelle Links	-	93,2%
Loraine Louw	-	91%
Tiaan Cronjé	-	88,1%
Emoré Vosloo	-	87,8%
Liam Bradshaw	-	84,5%
Conrad van Dyk	-	83,7%
Dewaldt Snyman	-	82,8%
Rickus van Vuuren	-	82,7%
Adri Cornelissen	-	81,5%
Carolien Conradie	-	81,4%
Petro Louw	-	80,8%

Graad 12

Anschené Verwey	-	87,5%
Amalia Geldenhuys	-	84,4%
Melanie van Driel	-	84,1%
Lana Anderson	-	81,5%
Deniell van den Heever	-	81%
Kiara Bester	-	80,8%
Inke Cloete	-	80,7%

WISKUNDE EKSTRAKLASSE

Ekstra klasse is Maandae en Woensdae direk na skool vir graad 8-12 aangebied.

Drie en twintig graad 9-11 leerders en Leendert Wijnja het as tutors opgetree by die graad 8 en 9 klasse. Graag wil ons hulle weereens bedank vir hul bereidwilligheid om mede-leerders te help.

Die ekstra klasse is in al die grade nie altyd goed bygewoon nie, ten spyte daarvan dat briewe na ouers gestuur is wanneer 'n leerder onderpresteer.

Me K de Villiers

WISKUNDE DEPARTEMENT ONDER 20 SKOLE MET DIE BESTE GEMIDDELDE PRESTASIE IN WISKUNDE

Op Die Burger se lys van "20 skole met die beste gemiddelde prestasie in Wiskunde" lê Hoërskool Vredendal 18de in die Wes-Kaap. Daar was verlede jaar 42 leerders uit 'n totaal van 89 matrikulante wat wiskunde geneem het en hulle het 7 A's en 10 B's behaal. Baie geluk aan die onderwysers en matrieks van 2016 met die goeie prestasie.

EREBAADJIETOEKENNING

Drie van ons matriekdogters het vanjaar aan die baie hoë vereistes van hierdie toekenning voldoen.

Al drie die dogters het elke jaar daarin geslaag om 'n gemiddelde van bo 80% in sal hulle eksamens te handhaaf. Amalia Geldenhuys se Internasionale deelname aan die Wetenskap Expo in Nederland het haar laat kwalifiseer terwyl Petru Pool se derde plek in die nasionale WOW-spelkompetisie goed genoeg was vir haar om te kwalifiseer. Anschené Verwey het haar baadjie ontvang deurdat sy op kultuurgebied puik genoeg presteer het om aan haar die vereiste aantal punte te gee.

ACME

Hierdie toekenning word gemaak aan 'n matriekleerder wat gedurende sy/haar skoolloopbaan veelsydig was en op verskillende gebiede presteer het.

Die gebiede wat in berekening gebring word, is akademie, sport, kultuur en leierskap. So 'n leerder moet ten minste, vol-erekleure in akademie, nog een vol-erekleure op 'n ander gebied en ten minste een half-erekleure toekenning op 'n derde gebied verwerf het. Slegs indien twee leerders dieselfde prestasie in terme van prestasie op verskillende gebiede én die hoeveelheid keer verwerf, behaal het, word die hoogste akademiese gemiddeld as bepalende maatstaf geneem.

Die leerder wat die toekenning ontvang se naam word op die ererol geplaas en sy ontvang ook 'n kontant prys van R400 wat deur Matcard Paarl geborg is.

Vanjaar het **Elzhan Walters** hierdie toekenning verwerf.

Elzhan behaal erekleure in elkeen van die gebiede wat in aanmerking geneem word. Sy behaal vier keer vol en een keer half-erekleure vir **akademie**, ses keer vol en drie keer half-erekleure vir kultuur (dans en drama), drie keer half-erekleure vir sport (rotshengel) en twee keer half-erekleure vir leierskap (lid van die VRL). Dan het sy ook nog vol-erekleure vir haar nasionale prestasie op die Suid-Afrikaanse Jeugskou behaal.

DUX-LEERDER: HOOGSTE AKADEMIESE TOEKENNING

Hierdie toekenning gaan aan die matriekleerder wat in graad 11 en 12 die hoogste gemiddelde persentasie gehandhaaf het.

Hierdie persentasie moet ten minste 80% wees, die kandidaat moet matrikulasievrystelling hê en moet in geen eksamen minder as 75% behaal nie. Die eksamens wat in aanmerking geneem word, is Junie en November in Graad 11 **en** Junie en September in Graad 12.

Hierdie toekenning beteken dat sodanige leerder se naam op die Ererol voor in die saal van die skool aangebring word. Die leerder ontvang die Ou Mutual Trofee vir die topkandidaat in graad 11 en 12, asook 'n kontantprys van R1 700 wat deur Vredendal Volkswagen geborg is.

Vanjaar se DUX-leerder met 'n gemiddeld van 88,46% was: **Anschené Verwey.**

NASIONALE ONDERWYS TOEKENNINGS

Me. Theron is onlangs genomineer om aan die *National Teaching Awards 2017 (NTA)* in die kategorie *Excellence in Secondary School Teaching (Grade 8 – 12)* deel te neem.

Sy is nie net as die streekwenner in die Weskus Onderwysdistrik aangewys nie, maar met die provinsiale toekennings wat tydens 'n spoggeleentheid in Kaapstad gehou was waar die hoof van onderwys mnr. Brian Schreuder, die Wes-Kaapse minister van Onderwys, me. Debbie Schäfer, en die Wes-Kaapse premier, me. Helen Zille, die toekennings oorhandig het, het sy ook 'n tweede plek in die provinsie behaal!

Namens die skool wil ons me. Theron gelukwens met haar besondere prestasie. Hoërskool Vredendal is geweldig trots op dit wat sy bereik het!

VCSV

Vanjaar is VCSV weer op Maandae van 17:00 – 18:00 aangebied.

Daar is vanjaar heelwat meer leerders wat die byeenkomste gereeld bywoon. Leendert Wijnja bied dit op 'n interessante wyse aan en ons glo dat elke leerder iets daaruit kry om saam met hom/haar te vat op die lewenspad.

Alle eer aan ons Hemelse Vader.

Mnr LJ van Wyk

VRL

Gedurende die week van 11 tot 20 Januarie 2017 is daar groot moeite gedoen deur die graad 12 VRL-lede om die graad 8's welkom te laat voel by Hoërskool Vredendal. Elke pouse moes al die graad 8's in die saal vergader waar hulle aan aktiwiteite deelgeneem het. Dit het die aanleer van die skoollied en 'n paar van die skoolreëls, maak soos

hoenders, ens. ingesluit. Die Vrydagaand is daar 'n deurnag gehou en na 'n toer deur die "vreesaanjaende spookhuis", voel elkeen nou deel van Hoërskool Vredendal.

Die Vrydagaand (20 Januarie) tydens die bring-en-braaigeleentheid is die graad 8-lede wat op die VRL verkies is, aangekondig. Hulle is Pola Geldenhuys, Ané Louw en Simeon de Jager. Baie geluk.

Gedurende die naweek van 3 - 5 Februarie is die jaarlikse VRL-kamp te Strandfontein gehou. Die doel van die kamp is spanbou – iets waarin daar vanjaar weer geslaag is. Ds J Fourie en Nico Lochner het vir die jong leiers waardevolle inliging oor leiers en leierskap kom gee. Baie dankie hiervoor.

Ons het 'n potjiekoskompetisie gehou, 30 Seconds gespeel en natuurlik 'n skeerroomgeveg gehou. Alles wat die kamp 'n onvergeetlike gebeurtenis maak. Die grondwet van die VRL is ook tydens die kamp hersien.

Baie dankie aan mnr en me De Beer en mnr en me Toua (en al die ander ouers) wat gesorg het dat daar tydens die kamp genoeg te eet en drink was.

Op 18 Februarie het die VRL weer verantwoordelikheid geneem vir die invordering van die hekgeld tydens die Noord-Wes Atletiekbyeenkoms. Hierdie geld word alles gebruik om die onkoste vir die aanbied van so 'n dag te betaal. Baie dankie aan elke lid wat hiermee gehelp het.

Op Vrydag, 5 Mei 2017, was ses van ons VRL-lede by die agste Jeugleierskonferensie, wat deur Hoër Meisieskool La Rochelle (in die Paarl) aangebied is. Daar het die vyf sprekers die leiers ingelig oor hoe om net jouself te wees en voluit te gaan vir jou drome, sodat hul kan waar word. Die leerders het beslis waardevolle inligting gekry. Die Universiteit van die Vrystaat het die konferensie geborg.

Die sprekers was:

Me Erna Basson – Serial Entrepreneur, International Speaker and Business Coach

Mariechen Vermeulen – Voormalige Lewenswetenskappe-onderwyser en Entrepreneur

Kayli Vee Levitan – Creative Group Head and Copywriter

Dr Elsabé Pepler – PhD Graduate and Entrepreneur

Kurt Minnaar- Mathematics Teacher and Choreographer

Die volgende leerders is deur hulle mede-leerders tot die 2018 VRL verkies:

Graad 12: Carolien Conradie, Pierre de Villiers, Kirwin Loubser, Loraine Louw, Rihan Rupping , Dewaldt Snyman

Graad 11: Henk Fourie, Karli Geldenhuys, Magdel Nel

Graad 10: Lisa Botha, Karla Gaugler, Dian Steenkamp

Graad 9: Simeon de Jager, Ané Louw, Kara Tubb

Voorspoed aan hierdie leerders met hul groot verantwoordelikheid vir 2018.

Baie dankie aan elke VRL-lid wat sy/haar kant gebring het om die skool se beeld uit te bou en die personeel te help met die handhawing van dissipline.

HOOFLEIERS

By die koshuis is die primaria Loraine Louw en die primarius Thysie Schreuder.

By die skool is die hoofdogter vir 2018 Carolien Conradie en die hoofseun Rihan Rupping.

Dié prefekte en VRL-lede van 2018 wil ons gelukwens en ook sterkte toewens met die groot taak wat op hulle skouers rus.

Mnr LJ van Wyk

MNR & MEJ HSV

Donderdagaand, 9 Maart 2016, was weer een van die belangrike aande op die Dallers se sosiale kalender toe 34 senior leerders deelgeneem het aan die jaarlikse mnr en mej HSV-kompetisie. Die aand is deur ongeveer 350 mense bygewoon. Onder die seuns was JC van Niekerk derde, Gideon Toua tweede en Rihan Rupping mnr HSV.

Die dogters het almal pragtig gelyk, maar uiteindelik is Kadey Phillips aangewys as 2de prinses, Mia Human 1ste prinses met Anika de Beer wat as mej HSV gekroon is.

SONDEZA-KAMP

Ons sê baie geluk aan Anelle Links en Zoë Walkers wat vir die Sondeza-kamp gekeur is. Die kamp word deur die Swartland Munisipaliteit gereël. Die kamp vind van 1 – 10 Desember 2017 plaas.

PUBLIC SPEAKING

Die jaarlikse "Engelse weergawe" van redenaars is op, 18 Mei 2017, gehou. Alhoewel dit 'n kompetisie tussen al die hoërskole van kring 5 is, het net drie skole deelgeneem, Hoërskool Lutzville, Hoërskool Vanrhynsdorp en Hoërskool Vredendal. Die kompetisie het twee afdelings, voorbereid en onvoorbereide groepsbespreking. Jade van Zyl (gr. 12) het met haar onderwerp "Feminism" skoonskip gemaak. Sy het saam met twee leerders van Hoërskool Lutzville aan die volgende rondte op Piketberg deelgeneem.

Redendaars-groete

Me R Rosslee

REDENAARS

Ons skool se jaarlikse redenaarskompetisie het op 8 Maart 2017 plaasgevind. Hierdie jaar het slegs seniors (Gr 10-12) deelgeneem alhoewel die kompetisie ook vir juniors (Gr 8-9) toeganklik was. Ons hoop van harte dat die juniors volgende jaar ook sal deelneem.

In die kategorie was die wenner Anschené Verwey. Haar tema was "Mag" en die onderwerp "Lyfstraf in die huis". Mila Loubser was tweede. Haar onderwerp: "Is mag boos?". Leerders wat aan die onvoorbereide kategorie deelgeneem het, is 45 minute gegee om voor te berei. Alle leerders in hierdie kategorie het dieselfde onderwerp ontvang naamlik "Tatoeëring is nie 'n aanvaarbare neiging nie". Die wenner hier was Timoné Daniel en in die tweede plek Eden Hollenbach.

Me R Rosslee

LOOPBAANDAG

Op 2 en 3 Augustus was diejaarlikse loopbaanuitstalling in die skoolsaal. Daar was 23 uitstallers van verskillende tersiêre inrigtings wat die leerders kom inlig het oor loopbaangeleenthede en toelatingsvereistes. Graad 9 tot 12 leerders het die geleentheid gekry om die uitstalling te besoek.

Mnr LJ van Wyk/Me R Wessels

WETENSKAP EXPO 2017

Elf van HS Vredendal se graad 10 en 11 Fisiese Wetenskappe- leerders het op Vrydag, 18 Augustus aan die jaarlikse WESKUS WETENSKAP EXPO te Saldana gaan deelneem .

Die leerders het uitstekend gevaar en ten spyte van die baie streng beoordeling is die volgende uitslae behaal:

BRONS MEDALJES:

Bianca van Eck, Henk Fourie, Chris-Lee de Lange, Magdel Nel en Johané Verwey

SILWER MEDALJES

Wiaan Fouché, Kara Engelbrecht en Michiel Coetzee

GOUE MEDALJES

Jani Smith met haar projek "SPAAR WATTS, SPAAR GELD" was ook die wenner van die ENERGIE KATAGORIE.

Die ATKV het 3 spesiale pryse toegeken en Johané Verwey behaal 'n 2de plek met haar projek oor "Ontsouting van seewater".

Die hoogtepunt van die dag was toe **Jani Smith** een van slegs 10 leerders is wat aangewys is om die WESKUS by die Internasionale EXPO gedurende die September vakansie te Boksburg te gaan verteenwoordig. Daar het sy uitstekend presteer en 'n bronsmedalje verower.

Mnr VH van Zyl

WETENSKAPOLIMPIADE

Op Donderdag, 2 Maart 2017 het 22 graad 11 en 12-leerders die Nasionale Wetenskap Olimpiade geskryf. Petru Pool het die beste gevaar.

Mnr VH van Zyl

REKENINGKUNDE-OLIMPIADE

Twee graad 12-leerders, Arina Compion en Claudia Cloete, het vanjaar aan die Rekeningkunde-olimpiade wat deur SAICA aangebied word, deelgeneem.

Albei leerders het baie goed gevaar. Claudia het deurgedring tot die tweede rondte van die Olimpiade. Baie geluk aan beide die leerders.

Mnr LJ van Wyk

AFRIKAANSE OLIMPIADE

4 Leerders het vanjaar deelgeneem. Eden Hollenbach, Petru Pool, Anschené Verwey en Carla Visagie het al vier hierdie vraestel, wat alle aspekte van Afrikaans dek, goed geslaag. Petru Pool was die topkandidaat met 75,33%. Dit sou haar in vier van die provinsies eerste geplaas het.

Mnr SF Loubser

SA TAALBOND

Agtien matrieks het die Suid-Afrikaanse Taalbond se tweetaligheidseksamen afgelê. Dit behels vraestelle in Afrikaans en Engels, beide op Huistaalvlak. Ons is bly om te sê al 18 het die eksamen goed geslaag. Petru Pool en Anschené Verwey behaal B-simbole vir beide vraestelle en slaag altwee in die Eerste Graad.

Mnr SF Loubser

WOW-SPELKOMPETISIE

5 van ons leerders het op 1 September aan die Weskus-distrikskompetisie te Citrusdal gaan deelneem.

Die twee graad 10-spellers het baie goed gevaar en tweede en derde in die gr. 10-groep geëindig. Hulle is Gené Nero en Chanté Klaase. Hierdie twee het op Saterdag, 9 September op Stellenbosch aan die Wes-Kaap Provinsiale kompetisie deelgeneem.

Aanvanklik was daar 31 deelnemers. Chanté Klaase het tweede geëindig en het op 21 Oktober aan die nasionale spelfees deelgeneem. Hier het sy ongelukkig uitgeval.

Me C du Toit

OP DIE SPEL

Chanté Klaase het in die September-vakansie aan hierdie kompetisie in Johannesburg gaan deelneem. Sy het baie goed gevaar, want sy is ook na die finale rondte deur. Ongelukkig kan ons niks meer sê nie, aangesien dit 'n verrassing moet bly tot dit volgende jaar op die TV uitgesaai word. Ons sal u op hoogte van sake hou.

Me C du Toit

SHAVATHON

Op Donderdag, 23 Februarie 2017, het ons skool 'n Shavathon aangebied. Ons het in die 40 minute 167 leerlinge se koppe gespuit. Kansa is baie goed ondersteun en ons het die bedrag van R1 670 ingesamel.

Hierdie geld sal deur ons plaaslike Matzikama Cederberg kantoor aangewend word vir pasiëntesorg en ondersteuningsdienste van ons streek se kankerpasiënte.

DIE PARSKUIP

Die Parskuip is vanjaar as media24 se tweede beste nasionale gedrukte skoolkoerant gekies. Hierdie kompetisie het oor die tydperk van Julie 2015 tot Junie 2017 gestrek. Melanie van Driel, gr.12, was redakteur in 2016 en haar eerste uitgawe van 2016 is vir die kompetisie ingeskryf.

Hoërskool Vredendal stap ook weg met die prys vir die beste digitale nuusplatform in die Wes-Kaap.

Baie geluk aan elke redaksielid vir sy/haar bydrae tot hierdie puik prestasie.

Sterkte ook aan Kara Engelbrecht wat weer in 2018 redakteur is.

Me K de Viliers

GRAAD 8 OUERAAND EN -BRAAI

Die graad 8 Oueraand en -braai is op Vrydag, 20 Januarie 2017, gehou. Dit is goed deur die ouers en leerders bygewoon. Dit was ook die aand waartydens die graad 8's met 'n seremoniële gebaar deur die VRL tot ware Dallers verklaar is.

Die onderwysers is ook by die geleentheid aan die ouers voorgestel. Die aand is afgesluit met 'n gesellige bring en braai waar die onderwysers en ouers mekaar beter kon leer ken.

Die graad 8's het toe gedeurnag met 'n spookhuis-ervaring.

Me M Tamponi

GRAAD 9 en 10 Hamburger-ete

Hiermee wil ons graag vir elke ouer en leerder wat 'n bydrae gemaak het of kaartjies verkoop het vir die Hamburger-ete baie dankie sê.

In die besonder baie dankie aan die ouers wat gehelp het om te braai, rolletjies te smeer, blaarslaai af te was, ensovoorts. U bydrae het beslis bygedra tot die sukses van die projek. Ons het die mooi bedrag van R16 500 ingesamel.

Riana Rosslee en Johan van Wyk
Gr 9 en 10 Graadhoofde

EISTEDDFODS: DANS-, DRAMA- EN MUSIEKAFDELINGS

- **Olifantsvallei Eisteddfod**

Op Vrydag, 5 Mei 2017, het 23 leerders van Hoërskool Vredendal aan die Olifantsvallei Eisteddfod te Citrusdal, deelgeneem. Tydens hierdie geleentheid is daar veertien Cum Laude toekennings(90%+), agtien goue toekennings (80%-89%), twee silwer toekennings (70%-79%) en een brons toekenning (60% - 69%) gemaak.

Me M Tamponi & Me M de Villiers

- **Calvinia Eisteddfod**

Op Vrydag, 19 Mei 2017, het Hoërskool Vredendal se kultuurleerders aan die jaarlikse Calvinia Eisteddfod deelgeneem. Tydens hierdie geleentheid het ons leerders puik presteer. By die drama-afdeling is die volgende toekennings gemaak: 22 Hoogste lof (90%+), 21 Lof (80% - 89%), 10 Eervolle vermelding (70% - 79%) en twee Meriete (60% - 69%).

By die musiekafdelings was die uitslae as volg: 20 toekennings vir Hoogste Lof, 18 toekennings vir Lof en een toekenning vir eervolle vermelding.

By die visuele Kuns is daar nege Hoogste Lof toekennings gemaak, drie Lof toekennings en twee toekennings vir eervolle vermelding.

Me M Tamponi & Me M de Villiers

- **Klawer Kunste**

Ons kultuurleerders het in groot getalle aan Klawer Kunste deelgeneem en uitstekend gevaar.

Ons meisieskoor, onder leiding van Michéle de Villiers en Driekie de Klerk, behaal dubbelgoud by die Klawer Kunste Koorfees.

Die dramaleerders verwerf 28 dubbelgoue, 23 goue, 10 silwer en drie brons toekennings onder me M Tamponi se bekwame leiding. Die spreekkoor verwerf ook dubbelgoud en word uitgenooi om by Klawer Kunste Skouspel op te tree.

Die dansleerders vaar ook uitstekend onder me R Theron se uitstekende leiding. Vier en twintig dubbelgoue (waarvan ses 100% verwerf het), 8 goue, 6 silwer en 1 brons sertifikate word verwerf.

Die lyndansers van me E van Dyk verwerf 13 dubbelgoue en 5 goue toekennings.

Visuele kunsleerders van me C Gaugler verwerf 12 dubbelgoue, 12 goue en 9 silwer toekennings. Karla Gaugler verwerf drie 100% toekennings en Jannie du Plessis twee 100% toekennings. Voorwaar puik, julle twee!

Die musiekleerders van me M de Villiers en me R Verwey verwerf 19 dubbelgoue, 38 goue en 7 silwer sertifikate.

Baie geluk aan elke deelnemer en afrigter. Dit spreek van baie toewyding, talent en harde werk!

Me M Tamponi, Me R Theron & Me M de Villiers

MUSIEK

- **Die Matzikama Musiekweek**

Die Matzikama Musiekweek, aangebied deur die musiekdepartment van Hoërskool Vredendal, het vanaf 8-12 Mei 2017 plaasgevind.

Hierdie musiekhoogtepunt is vir die vierde agtereenvolgende jaar in samewerking met Camerata Tinta Barocca aangebied. Ongeveer 700 leerders uit ons streek is blootgestel aan musiek en musiekinstrumente uit die Barokera tydens werkswinkels in die oggende.

Die Camerata Tinta Barocca het op die 9de Mei 'n hoogs suksesvolle uitvoering in die Kapel by Letsatsi Lodge in Vanrhynsdorp gehou.

Meesterklasse is aangebied vir musiekleerders van Hoërskool Vredendal en hierdie leerders het die voorreg gehad om saam met hierdie professionele musici op te tree by 'n konsert die 11de Mei in Vredendal NG Moedergemeente.

Albertus Engelbrecht, 'n oud-leerder, is ook tydens hierdie konsert op die ererol geplaas vir sy prestasie op internasionale gebied as operasanger.

- **Unisa Praktiese Musiekeksamens**

Musiekleerders het in September hul Unisa Praktiese Musiekeksamens afgelê. Uitstaande prestasies is behaal deur:

Karli Geldenhuys (Blokfluit gr. 6 – LOF)
Kadey Phillips (Blokfluit gr. 6 – LOF)
Anschené Verwey (Sang gr. 6 – LOF)
Jean-Mari Mouton (Blokfluit gr. 5 – LOF)
Karli Geldenhuys, Kadey Phillips, Johané en Anschené Verwey (Ensemble gr. 6 – LOF)
Palesa Louw (Sang gr. 4 – ERELOL)

Baie geluk met hierdie puik prestasies!

- **Musiekproduksie**

Hierdie spoggeleentheid het op die 8ste en 9de Augustus plaasgevind. Die produksie was gesentreer rondom die tema van Vincent van Gogh se skildery, Starry Night.

Temas soos kuns, depressie, kleur en liefde is met musiek en drama aangespreek. Drie graad 11- en twee graad 12-leerders se verwerkings is opgevoer. Mila Loubser se Vincent, Sharon-Lee Hurst se Saturn (wat opgedra is aan mnr Wessel Wessels) en Blanche Nieuwoudt se City of Stars het beïndruk. Die graad 12-musiekverwerkers het die produksie op 'n hoogtepunt afgesluit: Daniëlle Philander se "Big Spender" en Anschené Verwey se "A Dream is a wish your heart makes" is onderskeidelik deur die meisiesensemble en koor opgevoer.

Die soliste was Megan Geustyn, Daniëlle Philander en Anschené Verwey. Mnr. Fanie Loubser en Leendert Wijnja was ook deel van die ensemble wat "Starry Night" opgevoer het. 'n Verdere opwindende toevoeging tot die aand was Annerie Senekal, 'n student van die Universiteit van Stellenbosch, wat as violis saam opgetree het.

HSV is met reg trots op 'n puik produksie van hoogstaande gehalte.

- **Vredendal's Got Talent**

Op Woensdag, 3 Mei 2017, is Vredendal's Got Talent aangebied. Die beoordelaars het 'n moeilike taak gehad om te bepaal watter deelnemers die onderskeie kategoriewenners moes wees. Megan Geustyn het die afdeling vir solosang gewen. Elzhan Walters en Hermoine Visser is as die beste sanggroep aangewys, terwyl Lauranique Africa en Georgia Julies die beste dansitem gelewer het. John en William Coetzee, oftewel die Cronic Boyz, het die Crazy-afdeling met hul *rap*-item gewen.

Ons wil die verhoogspan, bestaande uit Petri Coetzee (gr. 8), Simeon de Jager (gr. 8), Hanery Gous (gr. 8), Helgard Lesch (gr. 8), Tiaan Nel (gr. 8), Dehan Visser (gr. 8) en

Ettien Dreyer (gr. 11), bedank vir hul bydrae tot die sukses van die aand. Ons wil ook graag die tegniese span – Johan van der Merwe en Dewaldt Snyman (gr. 11) – wat vir die klank en beligting verantwoordelik was, bedank. Baie dankie aan elke gr. 8-ouer en die OV wat 'n bydrae gelewer het. Sonder hierdie persone sou die aand nie suksesvol kon wees nie. Ons het die mooi bedrag van R7 550.00 ingesamel.

Me M Tamponi

DANS

- ***HSV Dansleerders onder TOP TIEN in Wes-Kaap***

Tydens die Nasionale Senior Sertifikaateksamen van 2016 word HSV eerste geplaas vir hul prestasie in die vak Dansstudies in die Weskus-Distrik en verwerf daarmee dan ook die algehele 6de plek in die **Wes-Kaap**. 'n Eerste vir HSV se Dansdepartement is die aankondiging dat Támari Theron die algehele 3de plek vir Dansstudies in die **Wes-Kaap** met 'n gemiddeld van 97% behaal het.

- ***HSV Dans- en Dramaweek 2017***

Marquerite Tamponi (drama) en Rensia Theron (dans) het vir die tweede agtereenvolgende jaar 'n uiters suksesvolle **Dans- en Dramaweek** gereël. Die hoofdoel van hierdie week (wat toe twee weke geraak het) was om leerders op te lei, te brei en te inspireer vir hul deelname aan eisteddfods, praktiese eksamens en publieke optredes. Meesterklasse is deur die *Purple Rush Dramaskool* en die *Garage Dance Ensemble* aangebied.

- ***Mooigenoeg om Engels te Praat***

Hierdie publieke vertoning was die hoogtepunt van HSV se Dans- en Dramaweek. Die **Departement van Kuns en Kultuur** het professionele danser-akteurs na ons verhoog gebring om persoonlike stories en gedigte voor te dra. Dit was van hoogstaande gehalte waar fisieke teater soos musiek, dans en poësie gekombineer is.

- ***Graad 12 Choreograwe - Praktiese Assesseringstake***

Ons graad 12-dansleerders was vanjaar weer druk besig om te choreografeer en met hul gekose dansers te repeteer vir hul finale **Praktiese Assesseringstaak: Choreografie**. Opnames is van hierdie werke gemaak wat deur die Wes-Kaap Onderwysdepartement (provinsiaal), asook die Departement van Basiese Onderwys (Nasionaal) gemodereer word. Gedurende die opnames is ouers en vriende op 'n gratis vertoning getrakteer.

- ***HSV Dans en Drama-Aand***

Ons graad 8 – 12 dans- en drama-leerders, o.l.v. Rensia Theron en Marquerite Tamponi maak deel uit van 'n uiters suksesvolle produksie, ***Dans van die Dors* Siel**. Ons

leerders deel die verhoog met die beroemde Alfred Hinkel se *Garage Dance Ensemble*. Die aand was gevul met hoë gehalte voordrag en dans wat verskeie kwessies aangespreek het – voorwaar vermaak uit die boonste rakke!

- ***Paarlvallei Eisteddfod & Prestige Gala***

Hoërskool Vredendal neem deel aan die Kontemporêre Dansafdeling van die **Paarlvallei Eisteddfod** en vaar uitstekend. HSV verower twee trofeë in die volgende kategorieë: *Beste 14 – 16 Jaar Solo-danser* - Kirwin Loubser en *Beste 17 – 19 Jaar Groep Choreograaf* – Melissa Goosen. Die volgende sertifikate word aan HSV-dansers uitgereik na aanleiding van die prestasies behaal: 15 Cum Laude, 6 Goud Plus, 9 Silwer Plus, 6 Silwer en 9 Brons.

- ***Klawer Kunste XIV & Klawer Kunste Skouspel***

HSV skryf 39 items by ***Klawer Kunste*** se dans-afdeling in en behaal 24 Dubbelgoud, 8 Goud, 6 Silwer en 1 Brons. 'n Nuwe Daller rekord word opgestel deurdat ses danse elk 100% ontvang! Kirwin Loubser se *'Who You Are'* en Melissa Goosen se *'Till the End'*, hou dan ook HSV se naam hoog by ***Klawer Kunste Skouspel***.

- ***Finale Eksterne Praktiese Dansstudies NSS-eksamen***

Op 22 Augustus het ons graad 12 Dansstudies-leerders hul **Finale Eksterne Praktiese Dansstudies Eksamen** in ons skoolsaal afgelê. Hulle het hulle goed van hul taak gekwyt en die eksterne eksaminators baie beïndruk. Tydens 'n gratis optrede, is dit met heimwee dat hulle op gepaste wyse 'n 'totsiens' dans aan hul ouers en jonger dansmaats, gelewer het.

- ***Optree Geleenthede***

HSV word gereeld genader om met dansitems by **verskeie geleenthede** op te tree. Vanjaar het ons dansers ons skool se naam hoog gehou by onder andere, die fondsinsameling vir *Koppie vir KANSA* en ook by *Vredendal Senior Sekondêr se Kultuuraand.*

- ***Kunstekaap Operahuis***

Vyf-en-sestig dans- en dramaleerders, vergesel deur Rensia Theron en Marquerite Tamponi, het die geleentheid aangegryp om na die musiekblyspel, *'The Wizard of Oz',* in die **Kunstekaap Operahuis** te gaan kyk. Tydens hierdie opvoedkundige uitstappie word ons leerders op die verhoog genooi vir 'n insiggewende praatjie en kykie na die werkinge en bou van die verskillende verhoë, dekor en beligting.

- ***Aspirant-dansers vir 2018***

Deelname aan dans bevorder die fisiese liggaam, dit bou selfrespek en bied kinders positiewe geleenthede om sosiaal te verkeer, terwyl leer plaasvind. HSV nooi alle grade 8 – 12 leerders uit wat belangstel om **Dans as vak** vanaf 2018 te neem, om

Rensia Theron by 083 275 6022 / 027 213 1050 te kontak. Geen vorige dansondervinding is nodig nie, slegs 'n liefde vir dans ☺

- ***Dankie***

'n Groot dankie aan ons ouers vir hul volgehoue ondersteuning. Dansleerders, dankie vir julle passie, harde werk en toegewydheid – julle het julle uitstekend van jul taak gekwyt. HSV is baie trots op julle!

~ Rensia Theron ~

SPORT

- **SKAAK**

Die eerste en tweede rondte skaaktoernooie het onderskeidelik op 25 Februarie 2017 en 2 Maart 2017 plaasgevind. Een en twintig van ons leerders het aan die toernooie deelgeneem. Elf van die leerders het deurgedring na die Weskus Individuele skaaktoernooi wat op 11 Maart 2017 te Citrusdal plaasgevind het. Baie geluk aan Wian Vermeulen wdt 'n tweede plek behaal het in die o/18-groep. Hy ontvang 'n silwer medalje. Die o/15-dogters het ook puik gevaar. Paige Booyse behaal 'n derde plek en ontvang 'n brons medalje. Divoné Fredericks behaal 'n tweede plek en ontvang 'n silwer medalje. Chloë Booyse behaal 'n eerste plek en is ook aangewys as die o/15-dogterskampioen van Bo-Weskus.

Op Saterdag, 11 Maart 2017 het die Weskus Individuele Skaaktoernooi te Citrusdal plaasgevind. Wian Vermeulen behaal 'n sesde plek in die ope groep en hy ontvang 'n bronsmedalje. Alchanke Smith en Divoné Fredericks behaal 'n vierde en derde plek en hulle ontvang bronsmedaljes. Paige Booyse behaal 'n tweede plek en sy ontvang 'n silwer medalje. Chloë Booyse vaar uitstekend deurdat sy 'n eerste plek behaal. Sy ontvang 'n goue medalje en word ook aangewys as die o/15-dogterskampioen van Weskus. Chloë, Paige en Divoné dring deur na die Wes-Kaap Individuele skaaktoernooi.

Op 12 - 14 Mei 2017 het Chloë Booyse, Paige Booyse, Alchanka Smith en Divoné Fredericks aan die Wes-Kaap Individuele skaaktoernooi deelgeneem. Chloë Booyse behaal 'n sewende plek en ontvang 'n brons medalje. Chloë is opgeneem in die Wes-Kaap span en sy het vanaf 9 – 15 Julie 2017 aan die SA Individuele Skaaktoernooi te Durban deelgeneem.

Tiaan Cronjé het vanaf 19 tot 21 Mei 2017 aan die Wes-Kaap Individuele Skaaktoernooi deelgeneem. Hy het deurgedring na die SA-Ope wat vanaf 14 tot 23 Julie 2017 te Durban plaasgevind het.

Chloë Booyse het vanaf 10 – 14 Julie 2017 aan die SA Skole Sportkampioenskappe te Durban deelgeneem. Tydens dié kampioenskappe het sy die o/15-dogters Wes-Kaap Skaakspan verteenwoordig. Na 7 moeilike rondtes het die o/15-Wes-Kaap

dogterskaakspan as goue medalje-wenners uit die stryd getree. Wes-Kaap klop Gauteng met 'n halwe punt (27.5 teenoor Gauteng met 27). Gauteng eindig tweede.

Chloë Booyse eindig 19de op die o/15-dogterskaakranglys. Voorwaar 'n pragtige prestasie!

Ons o/15-dogters skaakspan het deelgeneem aan die Bo-Weskus Skoletoernooi wat op die 29ste Junie 2017 plaasgevind het. Hulle het in die ope afdeling deelgeneem en derde geëindig. Hulle het op Saterdag, 29 Julie 2017, aan die tweede rondte te Vanrhynsdorp deelgeneem. Die dogters het gekwalifiseer om aan die Wes-Kaap Topskole deel te neem wat vanaf 27 tot 28 Augustus te Worcester plaasgevind het.

Die skaakleerders het ook teen Augsburg skaak gespeel. Die toernooi het op Woensdag, 16 Augustus 2017 plaasgevind. Die span wen die toernooi en behaal 15 punte. Baie geluk aan die span!

Die o/15-dogterspan het vanaf 25 tot 27 Augustus aan die Wes-Kaap skaak Topskole te Worcester deelgeneem. Die span behaal 'n vierde plek.

Vier van ons leerders het aan die Bo-Weskus skoleskaakontwikkelingstoernooi wat op 21 Oktober 2017 te Lutzville plaasgevind, deelgeneem. Chloë en Paige Booyse het aan die toernooi deelgeneem. Paige Booyse behaal 'n eerste plek en Chloë Booyse 'n tweede plek. Baie geluk aan die leerders!

Me A Cloete

- **ATLETIEK**

Vrydag, 3 Februarie het ons kleure-atletiekbyeenkoms plaasgevind. Die massa-deelname was fantasies en die gees onder die leerders kon nie beter nie. Die volgende uitslae is behaal:

Goudspan wen die dag met 'n puntetelling van 2214 teenoor die Groenspan se 2061.

Die geesbeker is deur die Groenspan verower.

Ons Junior Victrix Ludorum was Carli Coetzee (o/15) , Junior Victor Ludorum was Ethan Isaacs (o/15), Senior Victrix Ludorum was Shevonne Hoffman (o/17) en Senior Victor Ludorum (o/19) was PJ Boltman.

Ons het ook op die dag 3 nuwe rekords behaal.

Javier Smith Seuns o/14 100m is verbeter van 12,3s na 12, 28s

Ethan Isaacs Seuns o/15 100m is verbeter van 11,9s na 11,84s

JC van Niekerk Seuns o/19 Skyfwerp is verbeter van 37,52m na 37,55m

Vrydag, 10 Februarie 2017, was ons Sone-atletiekbyeenkoms. Vredendal Senior Sekondêr het dit aangebied, maar dit is by ons gronde gehou. Dit was 'n groot sukses met baie mooi atletiek om te aanskou.

Die hitte was weer uitmergelend en het die atlete baie beïnvloed. Seer spiere en krampe was baie te sien, maar dit het nog steeds nie gekeer dat ons atlete hulle beste gegee en baie goed gevaar het nie.

Daar is twee rekords verbeter, altwee deur atlete van Hoërskool Vredendal. Javier Smith seuns o/14 het 'n nuwe rekord by die 100m van 11,96s opgestel en Anisha van Wyk het by die dogters o/14 verspring 'n nuwe rekord van 4,58m opgestel.

Op Dinsdag, 14 Februarie 2017 het ons atlete aan die Driehoek-byeenkoms by Augsburg gaan deelneem. Dit was 'n suksesvolle byeenkoms en verskeie rekords het gespat. 10 Rekords is deur Hoërskool Vredendal se atlete verbeter.

Gewigstoot Dogters o/15 Zeree Kershoff; 200m Dogters o/15 Carli Coetzee; 200m Seuns o/15 Ethan Isaacs; 200m Seuns 0/17 Pierre de Villiers; Gewigstoot Dogters 0/17 Marsha van Wyk; Verspring Dogters o/17 Itha Steyn; 100m Dogters o/15 Carli Coetzee; 100m Seuns 0/15 Ethan Isaacs; 4x100m Aflos Dogters o/15; 4x100m Aflos Seuns 0/15.

Augsburg het die jaar se byeenkoms gewen met 54 164 punte en Vredendal het tweede geëindig met 40 586.

Op Saterdag, 18 Februarie 2017 is die NWB-atletiekbyeenkoms hier op ons gronde aangebied. Ons wil graag ons dank uitspreek teenoor die ouers, personeel en leerders wat ons bygestaan het met die byeenkoms.

'n Spesiale dank ook aan die ouers van die Oudervereniging wat die verversings voorsien en die verkope hanteer het. Sonder die insette en hulp van ons ouers, personeel en leerders kan sulke byeenkomste nie plaasvind nie. Nogmaals baie dankie aan elkeen wat 'n bydrae gelewer het.

Carli Coetzee het die rekord by die 100m gebreek en Ané Louw het by die spiesgooi ook die rekord verbeter. Baie geluk!

Die volgende atlete het gekwalifiseer om op Saterdag, 4 Maart 2017 aan die Boland-kampioenskappe te gaan deelneem.

Die atlete is:

Atleet	**Item**
Javier Smith	100m, Verspring
Simeon de Jager	Hoogspring
Wian Geldenhuys	Spiesgooi
Ethan Isaacs	100m
Heinrich von Wielligh	Spiesgooi
Pierre de Villiers	400m

Daniel du Toit	Skyfwerp
Gilbert Willems	Verspring
Cara-Jan Philander	200m, Verspring
Kara Tubb	Gewigstoot
Ane Louw	Verspring, Hoogspring, Spiesgooi
Anisha van Wyk	Verspring
Carli Coetzee	100m ,200m
Zeree Kershoff	Gewigstoot
Anja Nel	Spiesgooi
Nonique Coetzee	Gewigstoot
Shevonne Hoffman	Hoogspring
Itha Steyn	Verspring
Marsha van Wyk	Gewigstoot
Lana Meiring	Spiesgooi

Na afloop van die Boland-atletiekbyeenkoms in die Paarl het Marsha van Wyk 'n uitstekende eerste plek in gewigstoot behaal met 'n afstand van 10.84m.

Marsha van Wyk het op Saterdag, 18 Maart 2017, aan die Wes-Kaap atletiekkampioenskappe te Paarl deelgeneem. Sy het 'n eerste plek in gewigstoot dogters o/19 verower. Sy is ook in die Wes-Kaapspan opgeneem wat vanaf 29 Maart tot 1 April 2017 aan die SA's in Durban gaan deelneem, het.

"Dit was 'n belewenis," was die kommentaar van Shevonne Hoffman, een van Hoërskool Vredendal se atlete, na afloop van die Skole Top 10 Atletiekbyeenkoms.

Hierdie byeenkoms het op 28 Oktober 2017 te Moorreesburg plaasgevind. Nege van Hoërskool Vredendal se atlete het deelgeneem en puik uitslae is verwerf. Ons eindig 17de uit 27 skole.

Ané Louw (D/14) het 'n tweede plek in hoogspring verwerf, De-Angelo Visagie (S/16) het 'n tweede plek in die 400m en derde plek in die 200m en 100m behaal, Shevonne Hoffman (D/17) het 'n eerste plek in hoogspring behaal en ook haar persoonlike beste van 1,58m gespring. Anja Nel (D/15) het ook 'n eerste plek behaal met haar spiesgooi, sowel as haar persoonlike beste van 33,44m.

De-Angelo Visagie het sy wyse raad gedeel om sodoende ander te inspireer: "Doen wat jy moet doen en jy kry goud. Doen nie wat jy moet doen nie en jy verloor jou brons."

Me G Prigge

- **KRIEKET**

Krieket in die Noordweste verkeer op die oomblik onder baie druk. Probleme met getalle en vervoer veroorsaak dat baie skole nie geleenthede kan skep nie en word die wedstryde wat gespeel word, al hoe minder.

Na 'n uitstekende eerste kwartaal waarin ons heelwat wedstryde gespeel en gewen het, en 15 van ons seuns uiteindelik vir Noordweste gespeel het, het 'n baie droë

vierde kwartaal gevolg. Die vertrek van vier van ons goeie spelers in matriek, het ons met 'n baie jong en onervare span gelaat. Carl Louw is as kaptein van die nuwe seisoen aangewys.

Gedurende die kwartaal het ons twee ligawedstryde, twee voldagwedstryde en drie ses-aan-'n-kant-wedstryde gespeel. Ons kon nie een van die wedstryde, teen Augsburg, VSS, HTS Drostdy of Swartland wen nie, maar daar was wel verskeie goeie individuele prestasies wat hoop gee vir die toekoms. Die tweede span het wel op Donderdag, 2 November, teen Lutzville gespeel en oortuigend gewen.

Ons sien werklik daarna uit dat hierdie spannetjie in die seisoen wat volg so gaan ontwikkel dat ons weer gereeld aan die wenkant sal wees.

Mnr SF Loubser & mnr V van Zyl

- **NETBAL**

PROEWE

Die volgende spelers is in die Weskus-Noord netbalspanne opgeneem.

o/14

Elricke de Lange
Kara Tubb
Kyla Coetzee
Anisha van Wyk
Carla Hoffman
Ane Louw

o/15

Zeree Kershoff
Emma Rupping
Carli Coetzee
Anja Nel
Lisa Botha

o/16

Patroné Joseph
Marelise van Wyk
Carina van Driel
Katelynn Lott
Kadey Phillips
Chanté Klaase

o/17

Shevonne Hoffman
Carolien Conradie
Leandri Verwey

o/18

Anika de Beer
Inke Cloete
Lana Meiring
Melissa Goosen
Amalia Geldenhuys

Op, 1 Mei 2017, het die netbalspelers in Moorreesburg aan die Weskus-proewe gaan deelneem. Die volgende spelers is in die onderskeie Weskus-spanne opgeneem.

o/14

Elricke de Lange
Kara Tubb
Anisha van Wyk
Ané Louw
Carla Hoffman

o/15

Zeree Kershoff

o/16

Patroné Joseph
Carina van Driel
Marelise van Wyk

o/17

Shevonne Hoffman
Carolien Conradie
Leandri Verwey

o/18

Inke Cloete
Melissa Goosen
Amalia Geldenhuys

Hierdie spelers het vanaf 20-22 Julie 2017 aan die Interdistriktoernooi in Wellington deelgeneem. Dit is 'n toernooi waaraan alle distrikte reg oor die Wes-Kaap deelneem. Alle groot skole van Boland en die WP se spelers is ook daar. Weskus het uitstekend

gevaar en die O/18-span het met die goue medaljes weggestap. Baie geluk aan Amalia Geldenhuys, Melissa Goosen en Inke Cloete wat deel van hierdie span was.

Die volgende leerders van Hoërskool Vredendal is vir die Boland-spanne (Sone 1 van Wes-Kaap) gekies om aan die Wes-Kaap proewe te gaan deelneem wat op 20 Mei 2017 plaasgevind het in Riversdal.

o/14 - Ané Louw
Anisha van Wyk
o/15 - Zeree Kershoff
o/17 - Shevonne Hoffman
o/18 - Melissa Goosen

Petta Josheph het die Wes-Kaapspan verteenwoordig by die Wintergames wat gedurende die Julie vakansie in Durban plaasgevind het. Sy is teen die einde van die toernooi aangewys as een van die 35 beste o/16-netbalspeelsters regoor Suid-Afrika. Dit is voorwaar 'n uitstekende prestasie en ons is baie trots op Petta!!

Anisha van Wyk (o/14) en Zeree Kershoff (o/15) is opgeneem in die o/14- en o/15-Wes-Kaap-netbalspanne. Hulle het gedurende die Julie-vakansie aan die SA-Netbalkampioenskappe in Boksburg deelgeneem. Anisha van Wyk wat die o/14-netbalspan by die SA Netbaltoernooi in Boksburg verteenwoordig het waar die bestes regoor Suid-Afrika deelgeneem het, het ook weggestap met 'n goue medalje. Baie geluk! Zeree Kershoff wat in die o/15 Wes-Kaapspan gespeel het, vaar ook baie goed.

LIGA-WEDSTRYDE

Op Saterdag, 22 April 2017, het van ons netbalspanne teen Hoërskool Duineveld gespeel. Die tellings was as volg:

o/19C wen 11-9
o/19D wen 18-6
o/16C wen 12-11
o/16D wen 9-7
o/14B wen 9-5 teen o/16D

Op Donderdag, 25 April 2017, het ons netbalspanne teen Vredenburg op Vredenburg netbal gespeel. Die uitslae was as volg:

o/19A speel gelykop 25-25
o/19B wen 28-9
O/19C wen 18-15 teen Vredenburg o/17A
o/19D wen 14-1 teen Vredenburg o/17B
o/19E verloor 9-22 teen Vredenburg o/19C
o/16A wen 28-14
o/16B wen 21-7
o/16C wen 17-8 teen Vredenburg o/15A

o/16D wen 22-2 teen Vredenburg o/14C
o/16E verloor 5-15 teen Vredenburg o/16C
o/14A wen 40-3
o/14B wen 15-3
o/14C verloor 2-3 teen Vredenburg o/14D

Op Saterdag, 6 Mei 2017, het Hoërskool Vredendal teen Hoërskool Piketberg op die sportveld kragte gemeet. Die uitslae was soos volg:

o/19A verloor 25-31
o/19B wen 22-16
o/19C wen 16-10
o/19D wen 18-5
o/19E wen 12-5
o/16A wen 20-12
o/16B wen 16-8
o/16C wen 14-11
o/16D wen 12-5
o/16E wen 11-4
o/14A wen 26-4
o/14B wen 11-2
o/14C verloor 4-15
0/14C wen 17-1

Op Woensdag, 10 Mei 2017, het Hoërskool Vredendal teen Hoërskool Lutzville kragte gemeet. Die uitslae is soos volg:

o/19A verloor 29-25 teen o/19A van Lutzville
o/19B wen 19-3 teen o/19B van Lutzville
o/19C wen 20-10 teen o/17A van Lutzville
o/19D wen 9-7 teen o/17B van Lutzville
o/19E verloor 3-8 teen o/19E van Lutzville
o/16A wen 14-11 teen o/16A van Lutzville
o/16B wen 15-10 teen o/16B van Lutzville
o/16C wen 13-10 teen o/15A van Lutzville
o/16D wen 21-4 teen o/15B van Lutzville
o/16E verloor 2-10 teen o/15B van Lutzville
o/14A wen 16-12 teen o/16A van Lutzville
o/14B wen 12-7 teen o/14A van Lutzville
o/14C verloor 0-23 teen o/14A van Lutzville

Op Donderdag, 18 Mei 2017, het Hoërskool Vredendal teen Clanwilliam Senior Sekondêr op die sportveld kragte gemeet. Die uitslae is as volg:

o/19B wen 41-11 teen CSS o/19A
o/16B wen 22-9 teen CSS o/16A

o/16C wen 16-14 teen CSS o/15A
o/14B verloor 16-25 teen CSS o/14

Op Saterdag, 27 Mei 2017, het Hoërskool Vredendal se netbalspanne teen Hoërskool Porterville meegeding. Die Dallers het ons naam hoog gehou en ons baie trots gemaak. Die uitslae is as volg:

o/19A wen 42-30
o/19B wen 31-7
o/19C wen 21-14
o/19D wen 9-4
o/19E wen 5-4
o/16A wen 28-8
o/16B wen 19-7
o/16C wen 14-7
o/16D wen 9-8
o/16E verloor 6-8
o/14A wen 27-6
o/14B wen 21-2
o/14C verloor 5-6

Op Donderdag, 27 Julie 2017 speel Vredendal tuis teen VSS. Die uitslae is as volg:

o/14B - HSV speel gelykop teen o/14A VSS 12-12
o/16B - HSV speel teen o/16A VSS wen 18-3
o/16C - HSV speel teen o/15A VSS wen 23-4
o/19C - HSV speel teen o/17A VSS wen 22-8
o/19B - HSV speel teen o/19A wen 20-8

Op Saterdag, 5 Augustus, het ons netbalspanne teen Calvinia kragte gemeet. Die uitslae is as volg:

o/19B - Vredendal wen Calvinia 19A 18-14
o/19D - Vredendal wen Calvinia 19B 12-6
o/16C - Vredendal wen Calvinia 16A 16-5
o/16D - Vredendal wen Calvinia 15A 12-4

Op Saterdag, 12 Augustus, het ons netbalspanne teen Dirkie Uys meegeding. Die uitslae is as volg:

o/19A - wen 38-23
o/19B - wen 28-27
o/19C - verloor 9-19
o/19D - wen 15-8
o/19E - verloor 7-15
o/16A - gelykop 22-22
o/16B - verloor 17-23

o/16C - wen 14-13
o/16D - wen 12-9
o/16E - verloor 4-14
o/14A - wen 34-12
o/14B - wen 13-12

By die jaarlikse Spartoernooi wat op 4 en 5 Augustus plaasgevind het, het ons spanne uitstekend gevaar. Ons o/14A-span wen al hul wedstryde. Hulle wen ook die o/14 finaal teen Rhenish met 'n telling van 24-10. Hulle word ook aangewys as die goue medalje wenners van die o/14-liga.

Ons o/16A-span verloor een van hulle wedstryde met een doel. Verder wen hulle alle ander wedstryde en eindig tweede in hul been.

Ons 0/19A-span wen Vrydag teen Lutzille 16-13. Ons wen ook teen Swellendam, Stellenbosch, Kakamas en wen die finaal teen D.F. Malan 16-11. Hulle word aangewys as die goue medalje wenners van die o/19-liga.

- **TOPSKOLE**

Daar het ook van ons netbalspanne op Vrydag, 26 Mei 2017, aan die Weskus-Topskole toernooi te Clanwilliam deelgeneem. Die uitslae is soos volg:

o/19A wen Porterville 21-15
wen Augsburg 28-8
verloor teen Lutzville 11-20
o/16A wen Porterville 22-8
wen Augsburg 21-7
wen Lutzville 21-12
o/14A wen Augsburg 28-7

Die o/16A- en o/14A-netbalspanne is aangewys as die Weskus Topskole Wenners. Hulle het op Saterdag, 10 Junie 2017, aan die Wes-Kaap Topskole toernooi te Hermanus deelgeneem waar net die beste skole van oor die hele Wes-Kaap teen mekaar meegeding het.

Die o/14's wen teen Outeniqua en De Kuilen; hulle verloor teen Stellenberg en Bloemhof.

Die o/16's verloor teen Gimnasium, Durbanville en D.F. Malan. Baie goeie ondervinding is in baie ongure weersomstandighede opgedoen.

Besondere dankie aan Elna Esterhuyse as skeidsregter en Adrea Engelbrecht wat die afgelope 5 jaar uitstekende afrigting by ons skool gedoen het.

Baie dankie aan elke speler, ouer, afrigter, spanbestuurder en skeidsregter vir hul bydrae.

Me W van Vuuren

- **HOKKIE**

Gedurende 2017 behaal die hokkie gemengde welslae.

Op Donderdag, 25 April 2017, het beide spanne teen Vredenburg se eerste en tweede spanne te Vredenburg gespeel.

o/19A verloor 0-4
o/19B verloor 0-2

Op Saterdag, 27 Mei 2017, speel HSV se hokkiespanne teen Hoërskool Namakwaland van Springbok op ons tuisveld.

o/19A wen 2-0
o/19B verloor 0-2

Albei ons spanne het ook in Augustus 2017, met Hoërskool Dirkie Uys te Moorreesburg kragte gemeet. Na uitstekende hokkie lyk die tellings as volg:

o/19A gelykop 1-1
o/19B verloor 0-2

Die eerste span het ook op 14 Augustus 2017, 'n draai in die Swartland gaan maak en teen Hoërskool Swartland gespeel.

o/19A verloor 0-3

Noudat die hokkie gevestig is, sien ons uit na meer en groter wedstryde in 2018. Ons is ook gereed om spelers na die Boland-proewe te stuur. Ons is opgewonde om te sien wat die 2018 hokkieseisoen gaan oplewer.

Me A Nieman

- **RUGBY**

Baie geluk aan die volgende leerders wat in die NWB-rugbyspan opgeneem is. o/16 is dit Daniel du Toit, Ethan Galant, JP van der Westhuizen, Thian du Randt, Donley Malan en Johan Koegelenberg. o/18 is dit De Wet Swart, Erasmus van Zyl, JC van Niekerk, Adrie Martin en PJ Boltman. Hulle speel op 20 Maart 2017 in Wellington teen ander streekspanne.

Rugby-riglyne ten opsigte van klubrugby

SARO bepaal dat geen rugbyspeler aan 2 klubs mag behoort nie. Dit sluit skole in.

Dit beteken dus as 'n speler vir die skool se o/19-spanne speel hy nie vir enige ander span mag speel nie. Indien hy verkies om vir 'n klub te speel, mag hy ook nie vir die

skool speel nie. Ons laat ook nie toe dat 'n speler deur die jaar klubrugby speel en dan net voor interskole kom oefen en dan gekies word nie.

Ons kan nie 'n speler verbied om klubrugby te speel nie, dit bly sy eie keuse. Kies hy egter klubrugby sal hy verbied word om skolerugby te speel.

SARO se reël is baie duidelik wat dit en die ouderdom van spelers op klubrugbyvlak betref.

Op Saterdag, 25 Maart 2017 het van ons rugbyspanne aan Hoërskool Lutzville se sportdag deelgeneem. Die uitslae is as volg:

o/16A verloor teen Hoërskool Upington - 5-15
o/15A wen teen Hoërskool Upington - 20-8
o/19A verloor teen Monumentpark - 7-19
o/19B verloor teen Monumentpark - 5-29

Ons o/19A-rugbyspan het gedurende die April-vakansie na Oakdale getoer om daar aan die jaarlikse Oakdale-rugbyweek te gaan deelneem. Die uitslae was as volg:

Saterdag, 1 April – Wen vir Overberg met 7-5.
Maandag, 3 April – Wen vir Montana 12-0.
Woensdag, 5 April – Wen vir Bredasdorp 31-17.

Op Saterdag, 22 April 2017, is die Noordwes-Boland Rugbydag deur Hoërskool Vredendal by Hoërskool Vredendal aangebied. Die uitslae was as volg:

o/19B verloor teen Vredendal Senior Sekondêr o/19A – 10-29
o/19A wen teen Calvinia o/19A – 22-13
o/17A wen teen Augsburg Landbougimnasium o/17A – 54–0
o/15A wen teen Augsburg Landbougimnasium o/15A - 42-10

Op Donderdag, 25 April 2017, het ons rugbyspanne teen Vredenburg op Vredendburg gaan meeding. Die uitslae was as volg:

o/15A wen 15-12
o/15B wen 17-10
o/17A wen 48-5
o/19B verloor 17-29
o/19A verloor 3-33

Op Saterdag, 6 Mei 2017, het Hoërskool Vredendal teen Hoërskool Piketberg op die sportveld kragte gemeet. Die uitslae was soos volg:

o/15A – wen 17-5
o/15B – wen 45-10
o/17 - speel gelykop 19 elk

o/19A – verloor 5 -10
o/19B – verloor 7-20

Op Woensdag, 10 Mei 2017, het Hoërskool Vredendal teen Hoërskool Lutzville kragte gemeet. Die uitslae is soos volg:

o/19A verloor 5-12
o/17 wen 19-8
o/15B verloor 7-37

Op Donderdag, 18 Mei 2017, het Hoërskool Vredendal teen Clanwilliam Senior Sekondêr op die sportveld kragte gemeet. Die uitslae is soos volg:

o/15A – wen 57-0
o/17 - verloor 19-21
o/19A – wen 34-13

Op Saterdag, 27 Mei 2017, het Hoërskool Vredendal se rugbyspanne teen Hoërskool Porterville meegeding. Die Dallers het ons naam hoog gehou en ons baie trots gemaak. Die uitslae is soos volg:

o/19A verloor 6-19
o/19B verloor 12-22
o/17A wen 36-0
o/15A wen 28-3
o/15B wen 32-0

Na baie oefen en duisende kilometers se ry is ons trots om te kan sê dat PJ Boltman en JC van Niekerk in die o/18-Cravenweekspan opgeneem is, PJ nr 12 en JC nr 4. JP van der Westhuizen is ook in die o/16-Grant Khomospan opgeneem. Baie geluk aan hierdie drie seuns. Julle maak Hoërskool Vredendal baie trots.

o/16-Rugbytoer

Sewentien o/16-spelers het op Woensdag, 19 Julie 2017 na Bredasdorp vertrek om daar aan 'n rugbytoernooi deel te neem.

Vredendal speel teen Pieketberg in 'n BAIE sterk en koue wind. Ons verloor ongelukkig 18-23. Op Donderdag, 20 Julie 2017 het hulle die mees suidelike punt van Afrika besoek. Op Vrydag, 21 Julie 2017 speel hulle teen Melkbosstrand en wen 31-18. Die spelers het dit baie geniet en ons sê dankie aan Jaco Smith wat sy tyd opgeoffer het om die leerders te vergesel.

o/16-Grant Khomo

Dit het baie goed gegaan met die Boland o/16-rugbyspan. Tydens die Kustoernooi te Oudtshoorn wen Boland SWD met 14-12 en OP met 31-24.

Die o/16-Grant Khomo toernooi was vanaf 10-14 Julie 2017 te Grey Kollege in Bloemfontein. Boland wen Griquas 17-14 en die Limpopo Blou Bulle 25-22. Ongelukkig verloor Boland teen die Blou Bulle 43-32.

Op Donderdag, 27 Julie 2017 speel Vredendal tuis teen VSS. Die uitslae is as volg:

o/15A - 54-0
o/16A - 34-14
o/19B - 24-14
o/19A - 23-21

Op Saterdag, 5 Augustus, het ons teen Calvinia en Vanrhynsdorp kragte gemeet. Die uitslae is as volg:

o/19A - Vredendal 24 en Calvinia 10
o/19B - Vredendal 3 en Vanrhynsdorp 35
o/16A - Vredendal 24 en Calvinia 3
o/15A - Vredendal 54 en Calvinia 0
o/15B - Vredendal 17 en Vanrhynsdorp o/15A 22

Op Saterdag, 12 Augustus, het ons teen Dirkie Uys kragte gemeet. Die uitslae is as volg:

o/19A - Vredendal 22, Dirkie Uys 22
o/19B - Vredendal 24, Dirkie Uys 17
o/16A - Vredendal 34, Dirkie Uys 7
o/15A - Vredendal 29, Dirkie Uys 13
o/15B - Vredendal 17, Dirkie Uys 10

Die hoogtepunt van die jaar was die Interskole op 19 Augustus 2017 teen Augsburg. Daar is vyf rugbywedstryde gespeel waarvan Hoërskool Vredendal drie gewen het. Die o/19A-manne kon ongelukkig nie heeltemal die knoop deurhaak nie en verloor 18-27.

Rugbygroete

Mnr CP le Roux

- **TENNIS**

Elizabethe de Wet, Henk en Melanie Fourie het aan die begin van Desember 2016 aan die Kavalier (Boland Platteland)-proewe deelgeneem. Hulle is in die span opgeneem en het op 4 Maart 2017 in George teen Eden (SWD) gespeel.

Ses seuns en ses dogters het die naweek van 20 tot 22 Januarie op 'n tennistoer na Worcester en Bredasdorp gegaan. Op Worcester het hulle die Vrydagmiddag teen Drostdy gespeel. Die seuns wen hulle wedstyde, maar die dogters verloor

naelskraap. Saterdagoggend vertrek hulle na Bredasdorp en sowel die seuns as die dogters wen oortuigend.

Die tennisspanne het Donderdag, 26 Januarie 2017 tuis teen Lutzville gespeel en as volg gevaar:

Seuns eerste span	:	Wen
Dogters eerste span	:	Wen
Seuns tweede span	:	Speel gelykop
Dogters tweede span	:	Verloor

Die tennisspanne het op 1 Februarie 2017 teen Augsburg gespeel. Dit was deel van interskole. Gemengde welslae is behaal. Die eerste seunspan het 5-1 verloor, die eerste dogterspan het 4-2 verloor, maar die tweede spanne het elk met 6-0 gewen.

Dit was die laaste van die ligawedstryde vir die seisoen.

3 van ons 4 tennisspanne was in die finale liga-wedstryde betrokke.

Die 2de dogterspan het Maandagmiddag die finale wedstryd teen Lutzville gespeel. Pragtige tennis is gesien. Ons span het met 2-4 verloor; Lutzville is dus die bekerwenner vir die B-liga. Baie geluk!

Al het die eerste span tennisdogters nie die liga gewen nie, was ons baie trots om in die finaal te speel. Tennis van hoogstaande kwaliteit is gespeel.

Baie geluk aan ons 2de seunstennisspan wat teen Lutzville met 4-2 gewen het. Hulle is ook die ligawenners van die B-liga. Ons is baie trots op hierdie mooi prestasie.

Vier van ons tennisspelers het die naweek van 3 Maart 2017 as deel van die Kavaliers Plattelandspan op George teen Eden (ou SWD) kragte gemeet. Hierdie spelers was Gideon Toua, Henk Fourie, Elizabeth de Wet en Melanie Fourie.

Ons spanne het baie goed gevaar en die o/17- en o/19-afdelings gewen. Baie geluk aan ons spelers. Ons is trots daarop dat julle ons naam so hoog gehou het.

Ons neem ook afskeid van die volgende matriekspelers: Elizabeth de Wet, Lana Meiring, Gideon Toua, Junior Pool en Willie Engelbrecht. Ons hoop die mooi ervarings wat julle hier ondervind het, sal julle ook verder uitdra.

(31 Aug – 2 Sept) het 12 van ons tennisspelers aan die Gerrie Berner-tennistoernooi op Moorreesburg gaan deelneem. Agt uitgesoekte skole neem aan hierdie toernooi waar net seunsdubbels, dogtersdubbels en gemengde dubbels gespeel word, deel.

Waardevolle ondervinding is opgedoen en nuwe vriendskappe is gesmee.

Ons hartlike dank aan me Esna Barnard wat hulle geneem en as beampte opgetree het. Baie dankie ook aan die ouers vir hulle finansiële bydrae om hulle kinders hierdie wonderlike geleentheid te gun.

Dit was Donderdag, 12 Oktober, die Weskus-Noord tennisproewe. Ons spelers is goed verteenwoordig in die onderskeie spanne.

o/15 Dogters: Melani Fourie (no. 2) en Miga Strauss (reserwe)
o/15 Seuns : Jean de Villiers (no. 4)
o/17 Dogters: Carli Coetzee (no. 2), Carina van Driel (no. 3) en Mia Human (no. 4)
o/17 Seuns : Henk Fourie (no. 1), Tiaan du Randt (no. 4), Jaco Visser (no. 5), Daniel du Toit (no. 6)
o/19 Dogters: Kalinka Barnard (no. 3)

Ons sê baie geluk aan hierdie spelers wat hulle goed van hul taak gekwyt het. Op 27 en 28 Oktober het hulle die Weskus-Noord-span teen die ander streke te Worcester verteenwoordig.

Ons tennisspelers het op Dinsdag, 24 Oktober 2017 liga-wedstyde teen Augsburg gespeel en die uitslae is as volg:

2de seunspan wen 6-0
2de dogterspan wen 6-0
1st seunspan wen 5-1
1st dogterspan wen 4-2

Die naweek neem 14 tennisspelers op Worcester deel aan die Boland Platteland Tennistoernooi. Baie sterkte aan dié spelers!

Me C du Toit en mnr J Coetzee

- **Interskole 2017**

Op Saterdag, 19 Augustus was dit die jaarlikse Interskole byeenkoms tussen Hoërskool Vredendal en Augsburg Landbougimnasium te Augsburg.

Daar was 13 netbalwedstryde. Hoërskool Vredendal het 3 verloor, 2 gelykop gespeel en 8 gewen. Ons o/19A-netbalspan het gewen met 'n telling van 39-20. Daar was 5 rugbywedstryde waarvan Hoërskool Vredendal 3 gewen en 2 verloor het. Ongelukkig het ons o/19A-rugby hulle wedstryd met 'n telling van 18-27 verloor.

Op Woensdag, 16 Augustus het ons skaakleerders hulle wedstryde teen Augsburg gespeel. Daar was 3 rondtes van 30 wedstryde waarvan Hoërskool Vredendal 24 en Augsburg 6 wen.

Die tellings van Interskole 2017 was soos volg:

Sport	**Hoërskool Vredendal**	**Augsburg Landbou Gimnasium**
Tennis	10	20
Skaak	15	0
Netbal	68.18	31.82

Rugby	50	50
Krieket	20	10
Atletiek	44.86	55.14

Die totale eindtelling was 208 vir Hoërskool Vredendal teenoor Augsburg se 167, Hoërskool Vredendal wen dus Interskole 2017 met 41 punte.

- **GIMNASTIEK**

Gedurende die Julie-vakansie het Ansjoné Nel en Miné Steenkamp aan die jaarlikse Skole Distrik Gimnastiekkampioenskappe deelgeneem. Ansjoné Nel het 'n algehele derde plek gekry en Miné Steenkamp het 'n algehele tweede plek verwerf en het dus ook die span gehaal om in Desember aan die jaarlikse SA's in Pretoria te gaan deelneem.

BEDANKINGS

Ek wil elke ouer wat hul tyd opgeoffer het om die skool op een of ander manier by te staan bedank vir die onbaatsugtige diens wat hulle lewer.

Deur die jaar het verskeie borge ons skool finansieel, sowel as op ander gebiede, ondersteun. Ek wil graag elke persoon, besigheid en instansie bedank vir die bydrae wat u gemaak het. Sonder u ondersteuning kan Hoërskool Vredendal nie al die geleenthede vir ons leerders skep om sulke uitsonderlike prestasies te behaal nie.

Ons wil graag die personeel, leerders en ouers 'n geseënde Kersfees en voorspoedige nuwe jaar toewens. Mag u elkeen die vakansie geniet en goed uitrus.

JJM SWANEPOEL
SKOOLHOOF
1 Desember 2017